# Kalender uit Tweede Wêreldoorlog kom huis toe

. ev L. Steyn*

**This article deals with a handpainted calender for 1945 painted by a South African artist, Peter Ogilvie. He was a prisoner of war in Stalag 344 Germany during which time he painted the calender for a Canadian prisoner of war.**

**During his sojourn with her parents, the Canadian presented this calender to the mother of Mrs Erica Balland and the latter has returned it to South Africa after 41 years, to be preserved for posterity.**

**The widow of Peter Ogilvie was traced in Somerset-West and the calender shown to her. She, in turn revealed, that a friend of Peter Ogilvies, Newman Robinson had written a diary dealing with his and Ogilvie's experiences during the Second World War. Ogilvie was responsible for the drawings in the diary.**

**In this manner, much of the history of the time when the calender was painted has been preserved and is related in the article below.**

In die moeilike tye waarin Suid-Afrika hom vandag bevind, lyk dit of hy nie meer veel vriende het nie. Daarom is dit verblydend wanneer 'n mens 'n brief ontvang soos die een van mev. Erica Balland van Kanada. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het mev. Balland se ouers huisvesting aan soldate gebied. En so het haar moeder 'n waterverfgeskilderde kalender vir 1945 van 'n Kanadese soldaat ontvang. Die Kanadees was saam met Peter Ogilvie, 'n jong Suid-Afrikaanse skilder, 'n krygsgevangene in Stalag 344, Duitsland, waar laasgenoemde vir die Kanadees die kalender geskilder het. Die Kanadese soldaat het op sy beurt weer die kalender aan mev. Balland se moeder geskenk nadat hy by hulle tuisgegaan het.

### Kalender terugbesorg

Nou 41 jaar later het mev. Balland die kalender weer na Suid-Afrika teruggestuur met die versoek dat dit vir die nageslag bewaar word en dat die persoon wat die kalender geskilder het, opgespoor word. Na 'n lang soektog het die Redaksie Peter Ogilvie se weduwee in Somerset-Wes opgespoor en die kalender aan haar gewys. Mev. Ogilvie was sigbaar opgewonde toe ons die kalender aan haar gewys het. Tydens die Redaksie se besoek aan Pauline Ogilvie, het 'n sonderlinge verhaal aan die lig gekom.

Pauline Ogilvie vertel dat 'n vriend van Peter Ogilvie, Newman Robinson, 'n dagboek "In the Bag" geskryf het wat handel oor sy en Ogilvie se ervarings tydens die Tweede Wêreldoorlog. Ogilvie was verantwoordelik vir die sketse in die boek. En so het daar dus baie geskiedenis behoue gebly uit die tyd toe die kalender geskilder is.



*Peter Ogilvie soos hy voor die oorlog gelyk het*



Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 16, Nr 4, 1986. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

### Vrywillig aangesluit

Peter Ogilvie het op 21-jarige ouderdom vrywillig by die Unieverdedigingsmag aangesluit om aan die oorlog deel te neem.

Hy is op 23 November 1941 by Sidi Resegh gevange geneem en het 'n krygsgevangene gebly tot in 1945. Hy en Newman Robinson was die grootste gedeelte van hulle krygsgevangeneskap saam. En in 1975 is "In the Bag" gepubliseer, waarin hulle wedervaringe tydens die oorlog vertel word.

### Gevange geneem by Sidi Resegh

Peter Ogilvie was een van die 14 000 Suid-Afrikaners wat gedurende die oorlog gevange geneem is, maar was ten spyte van alles bevoorreg genoeg om sy sonderlinge ervarings aan die nageslag oor te vertel.

Soos reeds genoem, is Ogilvie by Sidi Resegh gevange geneem. Alhoewel die krygsgevangenes op daardie tydstip nie presies geweet het wat aangaan nie, sou hulle later wel uitvind dat daardie geveg op 23 November 1941 by Sidi Resegh maar die eerste van baie gevegte oor dieselfde stuk grond sou wees. Die gebied is gekenmerk deur die grafkelder van Sidi Resegh, 'n Islamietiese leier, na wie die plek vernoem is. Maar wat die gebied so gesog gemaak het, was die feit dat dit die landwaartse toegang tot Tobruk beheer het – 'n baie magtige wapen vir die oorlog in die Meditereense gebied. Met die geveg by Sidi Resegh was daar baie slagoffers aan Suid-Afrikaanse kant. Ongeveer 250 gedood, 400 gewond en 3000 gevange geneem. Die verliese aan Suid-Afrikaanse kant was nog groter toe baie van die gevangenes per skip van Italië gestuur is. Die Duitsers praat nou nog van die dag as "Totensontag" (Sondag van die dood).

Vroeg die Maandagoggend het die Duitsers die krygsgevangenes oor die slagveld gemarsjeer tot op 'n plek waar daar vervoer belowe is. Die veld was nog vol uitgebrande tenks. Die vlakte het grusaam voor hulle uitgestrek. Die gestorwenes het almal in 'n ry gelê en was met komberse toegegooi. Die beloofde vervoer het eers teen die middag opgedaag. Die meeste gewondes en offisiere is opgelaai. Daar was ongeveer 2000 manne onder wie, Ogilvie en Newman, aangesê is om te loop. Daar was geen kos of water nie en die son het ongenadig op hulle gebak. Maar die son, hoe warm ook al, kon nie veel verskil maak vir krygsgevangenes wat die Saterdag laas geëet het, en 36 uur laas water gehad het nie. Die volgende dag het van die mense begin flou word as gevolg van die tekort aan water en voedsel. Daardie middag eers het twee trokke met voedselvoorrade opgedaag. Maar om kos onder 2000 mense uit te deel, is ook geen maklike taak nie. Die kos was bitter min. So het die stappery, ongenadige warm son, met geen kos en te min water, aangehou tot Woensdag toe hulle op trokke gelaai is en na 'n omheinde kamp 25 myl wes van Tobruk geneem is. Die kamp is eers na donker bereik. Al wat die gevangenes verwag het om by hulle aankoms te hoor, is dat hulle moes slaap. Tot hulle verbasing en groot dankbaarheid het hulle kos gekry. Dit het die uitwerking van 'n wonderwerk op hulle gehad. Die manne het weer begin lag en grappe maak. Daardie nag het dit gereën en hulle het geen skuiling gehad nie, maar niemand het omgegee nie. Die "dorsmars" was verby en die meeste manne het weer hoop gehad. Die Duitsers het hulle onder omstandighede goed behandel gedurende die tyd in die kamp naby Tobruk. Daarna is 'n paar van hulle na Benghazi vervoer waar hulle 'n week lank vertoef het.



***Hier blaai sy vrou, Pauline Ogilvie, deur Peter Ogilvie se dagboek***

### Briewe huis toe

In daardie week is gedrukte kaarte aan hulle uitgedeel waarin hulle moes invul dat hulle deur



Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 16, Nr 4, 1986. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Italianers gevange geneem is, dat hulle nie gewond is nie en dat hulle goed behandel word. Dit is aan hulle familie gestuur. Vir die meeste was dit 'n uiterste vernedering. Om 'n gevangene te wees was erg genoeg, maar om 'n gevangene van die Italianers te wees, was erger. En om dit aan jou familie te erken het seergemaak. Maar enige vorm van kommunikasie was beter as geen kommunikasie nie. Na 'n week in Benghazi is baie van hulle ingeskeep.

### San Sebastian gebombardeer

Hulle was nie lank aan boord van die skip San Sebastian nie, voordat die skip aangeval is. Paniek het losgebars. Almal wou van die skip afkom. Maar waarheen in die middel van die see? 'n Australiese seeman het gaan ondersoek instel en vasgestel dat die skade nie van so 'n aard was dat die skip sou sink nie. Dit het die bemanning meer gerus gestel. Maar hulle moes steeds landwaarts beweeg. Mense is met toue gehelp om op vaste land te kom. Maar heelwat het in die proses verdrink. Die San Sebastian het naby die Griekse eilande gestrand.

### In Griekeland

Daar het hulle vir kilometers langs die kus na Pilos gemarsjeer. Van daar af is hulle op 'n militêre trein gelaai en van Pilos na Kalamata vervoer. Op Kalamata se stasie is hulle afgelaai en teen skemer na 'n omheinde stuk veld gemarsjeer om daar te oornag. Daar was darem 'n paar bale strooi wat as beddegoed moes dien. Toe dit die volgende oggend lig word, is aan hulle gesê dat hulle kamp 8 km oos van Patras op die Golf van Korinthe was. Die Italianers het darem later vir hulle klein tentjies gegee as beskerming teen die wind en weer. Baie van hulle het ook komberse gekry sowel as 'n bord en lepel. Maar so luuks soos dit ook al in daardie omstandighede mog klink, was dit beslis nie. 'n Italiaanse kombers was omtrent so groot soos 'n mieliesak en ook net so dun.

### Haglike omstandighede vererger toestande

Luise het hulle verskyning begin maak en daar was geen seep of water om die luise mee te beheer nie. Saam met die luise het buikloop begin. Byna almal was platgetrek. Die krygsgevangenes se moreel was laag en die dood het na 'n genadige uitweg begin lyk. Om alles te kroon was die weer uiters onguur. Daar was donderweer en wind het die sneeu in alle rigtings gewaai. Die tentjies het omgewaai en daarmee die koue tot in hulle gebeentes ingewaai. Die 1 500 voete wat die nat grond vertrap het het die kamp soos 'n varkhok laat lyk.

### Kersfees in gevangeskap

Die kamp het toe sommer ook die naam van 'n varkhok begin kry. Die krygsgevangenes het die Kersfees van 1941 in die kamp deurgebring. Hulle Kersete het bestaan uit 'n koppie sop wat eintlik net warm water met 'n lagie drywende vet op was.

### 'n Maand in die donker

Op Oujaarsdag het die Italianers hulle na 'n houtpakhuis aan die buitewyke van Patras geneem en hulle 'n maand lank in die algehele pikdonker pakhuis laat bly. Dit was ten minste droog en heelwat warmer daar binne. Maar die luise en buikloop was steeds met hulle en die geriewe heeltemal onvoldoende vir die toestand waarin hulle verkeer het. Dit het higiëne onmoontlik gemaak. As hulle vooraf geweet het dat hulle 'n maand daar sou deurbring, sou die meeste sekerlik al die eerste week omgekom het. Maar hulle het elke dag geglo dat hierdie miskien die laaste dag in die donker houthuis sou wees. En waar daar nog hoop is, is daar nog lewe.

### Altyd honger

Daar was genoeg kos om te oorleef, maar nie naastenby genoeg om die honger te stil nie. Dit was veral suiker waarna almal gesmag het. Hulle het hulle lyfbande, horlosies en ringe vir die wagte gegee in ruil vir iets soets. Nog nooit is so baie vir so min geruil nie. Die wagte het op die manier 'n fortuin gemaak. Die gevangenes het selfs hulle brood aan die wagte verkoop vir soetgoed. En so gereeld soos klokslag het die wagte deur die loop van die dag weer die brood vir groot bedrae geld aan die gevangenes terugverkoop. Aan die einde van Januarie het die Italianers hulle na die hawe terugmarsjeer.

### Na Italië

Hulle moes nou Italië toe gaan. Niemand was juis opgewonde oor die idee om weer op 'n skip te wees nie, maar almal het geglo dat Italië nie erger kan wees as die tyd in Patras nie. Die lig het hulle oë verblind na 'n maand in die donker.

Op die skip was reeds baie Italianers wat na hulle Vaderland teruggekeer het. Liedere oor 'n sonnige Italië met genoeg voedsel het tussen die Italianers opgeklink. Maar krygsgevangenes sowel as Italianers sou weldra ontnugter word.

## In Italië aangekom

In Italië aangekom, is hulle weer eens deur die strate gemarsjeer. Vrouens het by hulle deure gaan staan en die krygsgevangenes aangestaar. Meeste het gekyk en dan in hulle voorskote begin huil. Die gevangenes het al van Latynse emosionaliteit gehoor, maar waarom dit nou op hulle gemors moes word, kon hulle nie werklik verstaan nie. Die kinders het nie juis soveel simpatie soos hul moeders gehad nie. Wanneer die wagte nie gekyk het nie, is klippe na die gevangenes gegooi en as hulle iemand raak gegooi het, het hulle gekraai soos hulle lag.

## Die volgende kamp

Later is hulle op 'n treintrok gelaai en op Tutarano afgelaai. Daarna is hulle weer in 'n kamp ingemarsjeer. Dit was kamp 85. Die toestande was die van Patras van voor af. Daar het hulle 'n maand lank gebly. Maar hulle het darem twee keer die geleentheid gehad om warm te stort en hulle klere is ook skoon gemaak. Hier en daar is nuwe klere ook uitgedeel. Maar die luise was steeds met hulle. Hierna is hulle per trein na 'n permanente kamp vervoer – Compo di Concentramento no 65.

## Steeds 'n tekort aan voedsel

Hier was beddegoed en kon hulle onder dak slaap. Maar die kos was die helfte minder as gewoonlik. En die gewone hoeveelheid was selfs al hopeloos te min om van versadig te raak. Dit het veroorsaak dat kos die belangrikste ding in hulle lewens geword het. Hulle het geleef van die een karige maaltyd na die ander. As een per ongeluk 'n klein skeppie meer gekry het, was dit 'n persoonlike oorwinning. Kos, of liewer die tekort daaraan, het gesorg dat chaos uitgebreek het toe een dag se rantsoen kaas nie opdaag nie. Die manne het nog meer uitgeteer geraak. Dit het moeilik begin raak om te loop. Mense het begin omkap op parade en in die badkamers. Kokke is met vyandigheid dopgehou, ingeval hulle miskien vir hulself meer kos sou inskep of agterhou as vir die ander.

## Honger eis sy tol

Een oggend is 'n Nieu-Seelander dood. Aan almal is vertel dat die oorsaak buikloop was, maar almal het ook geweet dat hy aan ondervoeding gesterf het. In teenstelling met die Nieu-Seelander was daar 'n Suid-Afrikaner wat geweier het om selfs die klein bietjie kos wat hy daagliks ontvang het, te eet. Hy het volgehou dat 'n Hoër Gesag hom opdrag gegee het om sy kos vir die ander honger mense te gee. Hy is na die hospitaalafdeling geneem waar die kos aansienlik meer en beter was. 'n Dokter het aan Ogilvie opdrag gegee om met hom te gaan gesels en hom te oorreed om die kos te eet wat aan hom gegee word. Die dokter het ook aan Ogilvie vye en rooiwyn gegee om vir die man te gee. Dit sou sy eetlus prikkel. Sy reaksie daarop was dat hy gevra het vir krag om die versoeking te weerstaan. Drie dae later is hy dood. Die dokter het gesê dat Ogilvie maar die rooiwyn en vye kon hou. Maar Ogilvie het net sy kop geskud.

## Rooi Kruis bring verligting

Die Rooi Kruis het teen die einde van April groter kosvoorrade by die kamp aangebring. Saam met die voorrade het daar sigarette, klere, voetballe en krieketapparaat aangekom. Dis onnodig om te sê dat dit 'n groot gebeurtenis was en dat dit baie vir die gemoedere gedoen het.

## Vrygewigheid ten spyte van eie tekorte

Ongeveer 'n maand later het nog krygsgevangenes daar aangekom. Hulle het nog erger toestande as die ander beleef. Hulle was nie net maer nie, maar byna net uitgeteerde geraamtes en kon beswaarlik nog loop. Daar is sonder enige stryery besluit om van die reeds baie min voedsel, wat elkeen per dag ontvang het, te deel met die nuwelinge totdat hulle herstel het. Op daardie stadium was dit byna 'n heldedaad. Dit het ook 'n groot verbetering in hulle beskaafdheid getoon, in vergelyking met die tyd toe hulle gevange geneem is en byna vuis geslaan het oor 'n lepel water.

## Tellery loop soms skeef

Alle roetinesake vir die dag het nie altyd sonder voorval verloop nie. Een oggend toe alle gevangenes getel moes word, was daar een persoon te min. Die tellery moes van voor af begin word. Hierdie keer was die getalle volledig. Hoe was dit moontlik? Weer is almal getel. Die keer was

daar weer iemand kort. Hoe nou gemaak? Hulle besluit toe dat almal se name uitgelees moes word. Maar die Italianers het so gesukkel om die Suid-Afrikaners se name uit te spreek dat niemand hulle eie name herken het nie. Toe is daar besluit om die naamlyste vir die Suid-Afrikaanse offisiere te gee. Maar dit was ook geen betroubare metode gewees nie. Die offisiere kon maklik die vermiste persoon beskerm. Eintlik kon niemand vertrou word nie.

Toe is hulle gedreig dat niemand kaas of brood sou kry voordat die getalle nie korrek was, of die vermiste persoon geïdentifiseer is nie. Dit was toe al reeds middag gewees. Die Italianers was radeloos.

Daar is toe weer besluit om dit 'n betaaldag te maak. Sodoende sou elkeen homself moes identifiseer om sy geld te kry. Dit het aangehou tot nege uur die aand. Eers daarna het hulle kos gekry. En hulle het ook nooit daarna gehoor of die getalle geklop het of nie.

## Inspeksie sorg vir humor

Die Italiaanse offisiere het steeds daagliks daarop aangedring om inspeksie te hou. Dit was allesbehalwe 'n aangename taak, aangesien alles enkelhoogte onder modder was.

Een oggend moes Ogilvie die offisier deur die kamp begelei. Dit was te verstane dat die offisier nie in 'n goeie bui was nie. Om alles nog erger te maak, was dit so mistig dat almal se sig beperk was. Die offisier se bril het begin opwasem. En sonder sy bril kon hy nie sien nie. Hy het in 'n wasgoedlyn vasgeloop en sy voorkop gesny. Dit was net genoeg om sy slegte humeur nog slegter te maak. Hy het sy bril neergegooi en dit stukkend gespring. Toe hy Ogilvie hoor lag was dit werklik die laaste strooi. Hy het sy Baretta uitgepluk en in Ogilvie se rigting geskiet. Maar Ogilvie was wyslik nie meer in die rigting waarin die offisier geskiet het nie.

## Vryheid bly belangrik

Daar was tydens gevangeskap twee dinge wat hulle gedagtes oorheers het. Dit was kos en vryheid. Elkeen sou bitter graag wou ontsnap as hulle net die geleentheid kon kry.

Verskeie mense het probeer ontsnap. Die wat suutjies probeer wegkom het, is gewoonlik weer gevang. Die wat heel openlik, en baie dapper, deur die hekke van die hoofingang, verby die wagte gestap het, het verder gekom. Hulle is eers heelwat later vermis ... maar helaas ook opgespoor.

Dan was daar ook 'n gevangene met 'n unieke sin vir humor. Hy het gereeld dronk geword op die Italianers se wyn en dan in sy dronkenskap onder deur die heining gerol, net om dan van buite af die wagte te roep om vir hom die hek oop te maak sodat hy weer kon terugkom in die kamp.



***Peter Ogilvie: Soos hy gelyk het na hy sy ontslag geneem het, na die Tweede Wêreldoorlog***

## Wel uitkoms vir baie

Dit was 'n feit dat mediese personeel en gestremdes, wat gevange geneem was, na hulle eie mense kon terugkeer as die geleentheid daar was. Peter Ogilvie se vriend, Newman Robinson, was deel van die mediese personeel.

Newman kon sy ore en oë nie glo toe sy naam teen die einde van April 1943 op 'n lys verskyn het van die wat na hulle eie land kon terugkeer nie. Maar Ogilvie was steeds 'n gevangene en moes agterbly.

## Moosburg

Nie lank daarna is die oorblywende gevangenes na Duitsland vervoer. Daar is hulle in 'n kamp by



Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 16, Nr 4, 1986. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Moosburg (40 km noord van München) geplaas. Met die aankoms was daar pap en koffie. En daar was selfs 'n tweede porsie vir die wat wou hê. Daar was houthutte en 'n matras vir elkeen. Sulke "weelde" was iets ongekends by die gevangenes.

### Russe kry swaarder

In die kamp was daar heelwat Russe. Maar die Russe het geen ekstra pakkies van die Rooi Kruis ontvang nie. Die rede hiervoor was dat die Duitsers in die Russiese kampe nie Rooi Kruis pakkies ontvang het nie. Die gevolg was dat die Russe meer honger en gevolglik meer aggressief as die ander in die kamp was.

Die Russe het dan ook nie 'n kans deur hulle vingers laat glip om te maak asof hulle Westerlinge was nie. Maar party was slimmer as ander. So was daar die Rus wat op 'n dag gevra het of hy nie liewer van nou af 'n Suid-Afrikaner kan wees nie. Om vir hom die regte klere te kry was nie 'n probleem nie. Maar die taal was wel. Hulle het hom leer Engels praat. Maar hy het Engels met 'n vreeslike aksent gepraat. Al oplossing was dat hy moes sê dat hy eintlik Afrikaans praat en dis hoekom sy Engels so swak is. Hulle het hom ook geleer om in 'n moeilike situasie te sê: "Ek kan net Afrikaans praat". Op die ou end het hy vlot leer Afrikaans praat en sy Engels het ook verbeter.

### Vlug voor die Russe

Maar al die gebeure tydens gevangenskap was nie altyd so humoristies nie. Aan die einde van die winter van 1944-45 het die krygsgevangenes van Stalag 344 voor die Russe gevlug.

### Hou steeds dagboek op datum

Ten spyte van die haglike omstandighede waarin hulle deurgaans verkeer het, het Ogilvie steeds sketse gemaak en 'n dagboek geskryf. Dit is ook merkwaardig dat die dagboek behoue gebly het tydens die ongeveer vyf jaar van gevangenskap.

Met die vlug voor die Russe het die reeds swak gevangenes nog swakker en meer ondervoed geraak. Dit het gereeld gebeur dat hulle dae aaneen geloop het sonder om kos te kry, en as hulle wel voedsel gekry het, was dit gewoonlik hopeloos te min vir die gevangenes.

### Te swak om dagboek te dra

Ogilvie was verplig om die dagboek met prente neer te gooi omdat hy te swak was om dit verder te dra. Hy kon self nie gaan lê nie, want die wat gaan lê het, is doodgeskiet. Dit is wat aan hulle vertel is. Dit het ook telkens gebeur dat as iemand gaan lê het, sy maats dit ook nie kon waag om saam met hom te wag nie. Dit sou ook net hulle dood beteken.

Wanneer al die ander verby was, is daar dan 'n skoot of twee gehoor. Nadat Ogilvie sy dagboek met prente neergegooi het, het stafsersant O'Neill langs die dagboek inmekaargesak. In sy beneweldheid kon hy slegs twee dinge waarneem: die wag wat oor hom staan en die dagboek wat hy vir 'n Bybel aangesien het. Hy het sy hand op die boek gesit en gewag vir die skoot om af te gaan. Tot sy verbasing het die wag geglimlag en in Duits iets gesê wat hy goed genoeg kon verstaan: "Nou kan jy lekker warm sop kry".

Die wag het sy geweer gelig en 'n skoot in die lug geskiet. Tien minute later het daar 'n trok stilgehou en hom opgelaai. In die trok was daar 'n klompie mense wat "doodgeskiet" is.

### Dagboek terugbesorg


O'Neill het skielik gesien dat hy nog steeds die boek vashou wat hy gedink het 'n Bybel was. Toe hy sien dat dit Ogilvie se dagboek is – sy naam was daarin geskryf – het hy dit deur Suid-Afrika huis in London aan Ogilvie terug besorg.

### Einde in sig

Steeds op hulle "dodemars" van 1944–45 (soos Newman dit in sy boek "In the Bag" noem) besig om voor die Russe te vlug, is hulle by Fallingborstel, 50 km noord van Hanover in 'n kamp ingemarsjeer. In die kamp was daar enige nasionaliteit te kry. Die kamp was oorvol en weer was daar hopeloos te min voedsel vir almal. 'n Fransman met baie planne om te ontsnap het 'n kaart van die omliggende omgewing aan Ogilvie gegee. Ogilvie het geen planne gehad om te ontsnap nie, maar het die kaart net geneem om nie die Fransman se gevoelens seer te maak nie.

Maar skielik het die kaart baie bruikbaar begin lyk. Fallingborstel was besig om ontruim te word, hierdie keer in 'n oostelike rigting. Ogilvie was weer onderweg, maar dié keer in 'n rigting wat





*Hierdie sketse is ook deur Ogilvie geskets. Dit is tonele wat hulself in die kampe afgespeel het waar Ogilvie-hulle gevange gehou is*

hom nie aangestaan het nie. Dit was lente en die weer baie beter as gedurende die winter. Die gebied was ook baie swak bewaak. Dit was dus nie baie moeilik vir Ogilvie en sy twee vriende, Kruger en Heron, om weg te glip en in 'n bos te skuil tot almal verby was nie. Ogilvie het in 'n westelike rigting beweeg. Hulle het hoofsaaklik in die nag geloop, wat ook weer probleme opgelewer het. Hulle was reeds binne-in 'n Duitse kamp voor hulle dit besef het. Hulle het probeer terugbeweeg, maar het hulle telkens teen 'n tenk of trok vasgeloop. Dit was beslis makliker om in die kamp in te kom as daaruit.

Vroegoggend was daar skielik 'n bevel. Die Duitsers het die kamp ontruim en drie baie verligte ontsnappers agtergelaat.

Vier dae later het hulle 'n grootpad gewaar waarlangs tenks beweeg het. Die tenks met wit sterre in plaas van swart kruise het hulle effens meer hoop gegee, maar niks is meer as vanselfsprekend aanvaar nie. Hulle het op hulle mae nader aan die pad geseil. Een voertuig het stilgehou en iemand het uitgeklim en geskree dat daar fout met die remme is. Nog iemand het stilgehou en uitgeklim ... en die drie vlugtelinge gewaar. Die drie het op die drumpel van 'n nuwe lewe gestaan: een van verdere gevangenskap of een van vryheid. Maar watter een was hulle beskore?

Hulle was vry!

## Terug na Suid-Afrika

Ogilvie het na Suid-Afrika teruggekeer en het op 2 Junie 1945 sy ontslag geneem. Hy het die dekorasie Ster van Suid-Afrika en die Afrika Diensmedalje ontvang.

Op 7 Desember 1947 is hy met Pauline Monica Ellis (Jeppe) getroud. Pauline was op daardie tydstip 'n o/lt verpleegsuster in die Unieverdedigingsmag. Uit die huwelik is twee seuns en 'n dogter gebore.

Peter Ogilvie het vir verskillende maatskappye advertensiewerk gedoen en ook vryskutartikels vir sommige koerante geskryf. Hy was ook verantwoordelik vir die voorblad van 'n bekende vrouetydskrif. Nadat hy afgetree het, het hy en sy vrou hulle op Somerset-Wes gaan vestig.

En dis hier waar ons gaan besoek aflê het. Pauline is 'n kalm en aangename persoon. Sy is lief vir mense om haar. Die hele tyd, wat ons daar was, het familie gekom en gegaan. Maar ons het steeds rustig en lekker gekuier.

Sy vertel dat sy en Ogilvie mekaar kort na sy terugkeer na Suid-Afrika ontmoet het. Maar na hulle in 1947 getroud is, het sy die verpleging laat staan.

Ogilvie het soms staaltjies uit die Tweede Wêreldoorlog vertel aan die wat wou luister. Hoewel Ogilvie 'n baie stabiele en sterk mens was, gaan geen mens deur byna vyf jaar van krygsgevangeneskap sonder dat dit jou lewe beïnvloed nie.

Maar dit wil eerder voorkom asof die oorlog vir Ogilvie sterker gemaak het. Pauline en die kinders vertel dat hy altyd die een was wat moed ingepraat het waar nodig en die positiewe in 'n situasie kon raaksien.

Maar daar was wel iets wat hy nie kon verdra nie. En dit was dat daar met kos gemors word. Daarvan het hy niks gehou nie.

Ogilvie is in September 1985 oorlede. Sy vrou en kinders onthou hom as 'n positiewe en stabiele mens wat die gesin en familie deur baie krisisse gedra het. Selfs die feit dat hy kanker gehad het kon hom nie negatief stem nie. Hy het aan sy vrou vertel dat hy genoeg mooi dinge van die lewe het om te onthou – selfs uit die Tweede Wêreldoorlog.

## Kalender aan museum geskenk

Mev. Ogilvie het toestemming gegee dat die kalender, wat haar man gedurende die Tweede Wêreldoorlog geskilder het, aan 'n militêre museum oorhandig word.

Tydens 'n amptelike funksie in Johannesburg is die kalender aan die Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis oorhandig. Hier sal die kalender vir die nageslag bewaar word.

* Lerinda Steyn verbonde aan die Militêre Informasieburo. (BA Komm)